higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
**NKR VLAK 2**

(4101042)

**27 November 2020 (X-vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

121Q1N2027

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 140**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip – Internetartikel
   AFDELING B: Opsomming – Tydskrifartikel
   AFDELING C: Lees en kyk – Simbole, tabelle en advertensie
   AFDELING D: Taal in praktyk – Tydskrifartikel en advertensie
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk – Strokiesprent

5. Laat ŉ reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

7. Trek alle rofwerk dood wat jy nie wil laat nasien nie. Indien jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: INTERNETARTIKEL

Lees die onderstaande internetartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**POSITIEWE EN NEGATIEWE INVLOEDE VAN SOSIALE NETWERKE OP TIENERS**

Die term *sosiale netwerk* word gedefinieer as ŉ webwerf wat gebruikers in staat stel om met mekaar te kommunikeer deur inligting van hulself, kommentaar, boodskappe, beelde, ensovoorts op die internet te plaas en met ander te deel.

Sosiale netwerke bied die geleentheid om inligting te versprei, in kontak te bly met mekaar en ook foto's te stuur. Daar word ook daagliks kritiek op talle sake gelewer. Is sosiale netwerke goed of sleg? Die meeste van ons sal saamstem dat, net soos alles in die lewe, sosiale netwerke ŉ bietjie goed én sleg vir ons, die wêreld en die toekoms inhou.

**Positiewe invloede van sosiale netwerke**

Sommige mense wat as introverte gesien word, vind dit makliker om aanlyn te kommunikeer eerder as om persoonlik met mense te kommunikeer. Deur sosiale netwerke word ŉ platform geskep waar tieners maklik met hul kennisse kan kommunikeer om sodoende ŉ sterker vertrouensband te bou. Dit kan ook afstand oorbrug en stel tieners in staat om in kontak met hul vriende te bly waar hulle ook al gaan. Wanneer iemand na ŉ ander land of plek verhuis kan hy/sy elke dag deur die sosiale netwerk in kontak bly met sy/haar ou vriende. Tieners maak ook baie nuwe vriende deur te kyk wie almal dieselfde belangstellings deel.

Kommentaar wat op sosiale netwerke gelewer word, het nie net altyd ŉ negatiewe uitwerking op ŉ tiener se gemoed nie. Wanneer iemand op Facebook ŉ persoon se foto of *status like*, bou dit sommer dadelik die persoon se selfvertroue op en kan dit lei tot ŉ goeie selfbeeld, wat weer meer selfrespek tot gevolg het.

Waar is Justin Bieber ontdek? Nêrens anders as op sosiale netwerke nie. Die netwerke gee tieners wat talentvol is ŉ kans om hul talente vir die wêreld te wys deur netwerke soos YouTube te gebruik om video's op te laai. Mense kan ook publisiteit verkry sonder dat hulle geld hoef uit te gee. Dit is ook baie toeganklik vir iemand indien daardie persoon iets wil adverteer of bemark.

In die lewe van tieners is dit algemeen dat hulle nie daarvan hou om te wag nie. Dit is egter dieselfde situasie wanneer hulle na inligting soek. Ons is bevoorreg dat ons in ŉ tyd lewe waar ons nie twee of drie dae hoef te wag vir die posman of ŉ telegram nie, maar dat nuus vinnig bekom kan word. Ons kan sosiale netwerke gebruik om die inligting binne ŉ paar sekondes wêreldwyd te versprei.

Jy kan ook onmiddellik empatie toon teenoor mense as jy sien iemand gaan deur ŉ moeilike tyd. Jy kan vir hulle ŉ boodskap stuur of, as jy deur dieselfde situasie gegaan het, raad gee oor hoe om dit te hanteer. Dit kan ook vir tieners help as ŉ soort terapie-sessie in plaas daarvan om ŉ sielkundige te besoek. Dit voel vir my asof sosiale netwerke meer goeie invloede as negatiewe invloede vir tieners inhou as dit reg gebruik word.

[Aangepas uit: *https://stopditnou.weebly.com/effekte-van-sosiale-netwerke.html*]

1.1 Wat is die onderwerp van die artikel? (1)

1.2 Wat is die definisie van *sosiale netwerke* volgens die artikel? (2)

1.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Staaf die antwoord deur ŉ sinsdeel uit die teks aan te haal.

Sosiale netwerke het slegs ŉ negatiewe invloed op tieners. (3)

1.4 Watter voordeel hou sosiale netwerke vir introverte in? (1)

1.5 Wat beteken dit as sosiale netwerke ook "afstand kan oorbrug"? (2)

1.6 Kan tieners daagliks kontak met vriende hou wanneer hul vriende na die buiteland verhuis? Staaf die antwoord. (2)

1.7 Op watter sosiale netwerk kan tieners na mense se foto's kyk? (1)

1.8 Noem EEN positiewe uitwerking op ŉ sosialenetwerkgebruiker wanneer ander gebruikers van sy/haar foto gehou het. (1)

1.9 Hoe kan talentvolle tieners hul talente aan die wêreld wys? (2)

1.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Staaf die antwoord deur ŉ sinsdeel uit die teks aan te haal.

Justin Bieber is op sosiale netwerke ontdek. (3)

1.11 Noem TWEE dinge waarvoor sosiale netwerke iets goeds en slegs kan inhou. (2)

1.12 Noem TWEE dinge waarop mense in die verlede vir twee of drie dae moes wag. (2)

1.13 Hoe lank duur dit om inligting op sosiale netwerke te bekom? (1)

1.14 Hoe help sosiale netwerke tieners? (2)

1.15 Kan ŉ mens aan ander mense op sosiale netwerke raad gee oor hoe om sekere situasies te hanteer? (1)

1.16 Wie, anders as vriende, kan vir ŉ tiener op sosiale netwerke terapie gee? (1)

1.17 Gebruik jy sosiale netwerke? Watter voordeel/nadeel hou dit vir jou in? (2)

1.18 Waar kan jy vir hierdie artikel gaan soek as jy dit weer wil lees? (1)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande uittreksel wat met die voorafgaande artikel verband hou en volg die instruksies.

### NEGATIEWE INVLOEDE VAN SOSIALE NETWERKE

Die oorbenutting van tegnologie kan lei tot depressie en sielkundige versteurings. Mense kan jaloers raak op plekke wat hulle sien en waar hulle graag sal wil wees óf hulle sien ŉ sportster en dink hulle sal nooit daardie persoon se sukses kan behaal nie.

As gevolg van die toename in tyd wat op sosiale netwerke deurgebring word, wy mense al minder tyd daaraan om direk met mense in lewende lywe te kommunikeer. Werkgewers is al meer ontevrede oor die kommunikasievaardighede van die jonger geslag, want hulle kan slegs deur sosiale netwerke kommunikeer en nie persoon tot persoon nie.

Dit alles kan lei tot ŉ verlaagde akademiese punt sowel as onvermoë om tyd effektief te bestuur en te benut. Tieners is meer gemotiveerd om onbelangrike informasie en vermaak op sosiale netwerke te bekyk en te memoriseer in plaas daarvan om op skoolwerk te fokus. Studente begin meer sleng en afkortings gebruik wat as SMS-taal bekend staan. Leerders oefen ook nie meer hulle spelvaardighede nie, want voor jy klaar getik het, weet die slimfoon klaar wat jy wil sê! Dit verswak leerders se taalvermoë en skryfvaardighede.

[Aangepas uit: *https://stopditnou.weebly.com/effekte-van-sosiale-netwerke.html*]

**INSTRUKSIES:**

- Maak ŉ opsomming van SEWE negatiewe invloede wat sosiale netwerke het op tieners wat te veel tyd daarop deurbring.
- Skryf elke invloed as hoofgedagte in ŉ goeie volsin neer.
- Skryf die sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7.
- Laat ŉ reël oop tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan. **[10]**


**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: LEES EN KYK

### VRAAG 3: SIMBOLE

Bestudeer die onderstaande simbole en beantwoord die vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A |  | B |  |
| C |  | D |  |
| E |  | F |  |
| G |  | H |  |

[Bron: *www.abcteach.com/documents/clip-art-sign*]

3.1 Watter simbool dui op herwinning? Watter kleur sal die teken wees? (2)

3.2 Watter simbool wys dat ŉ mens nie op daardie plek mag eet of kos mag inbring nie? (1)

3.3 Water simbool dui aan dat daar ŉ haarkapper vir mans beskikbaar is? Gee ŉ rede vir die antwoord. (2)

3.4 Watter simbool dui aan dat ŉ telefoon beskikbaar is? (1)

3.5 Waarop dui simbool C? (1)


3.6 Van watter klub is simbool D 'n embleem? (1)

3.7 Waarteen waarsku simbool H? (1)

3.8 Watter geloof word deur simbool A uitgebeeld? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: TABELLE

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.




[Bron: *Grafika24*]

4.1 Hoeveel provinsies se statistiek word in hierdie tabel aangedui? (1)

4.2 Wat beeld hierdie tabel uit? (1)

4.3 Watter provinsie het in 2014-2015 die minste padsterftes gehad? (1)

4.4 Watter provinsie het tussen die termyne 2014-2015 en 2015-2016 'n afname in padsterftes getoon? (1)

4.5 Wat is die totale padsterftes vir Suid-Afrika in 2015-2016? (1)
**[5]**

**VRAAG 5: SIERADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande sieradvertensie en beantwoord die vrae.




[Bron: *https://pretoria-south.co.za/lawwe-lyfies-speelgroepie*]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Wat is die naam van die speelgroepie wat in hierdie advertensie geadverteer word? | (1) |
| 5.2 | Noem EEN teikengroep van hierdie advertensie. | (1) |
| 5.3 | Noem TWEE maniere waarop die leser se aandag deur hierdie advertensie getrek word. | (2) |
| 5.4 | Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Staaf die antwoord deur die ouderdomsgroepe in die advertensie neer te skryf.<br><br>Hierdie speelgroepie is slegs vir voorskoolse kindertjies. | (2) |

5.5 Op watter dag is hierdie speelgroepie nie beskikbaar nie? (1)

5.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Staaf die antwoord deur die tye in die advertensie neer te skryf.

Hierdie speelgroepie is slegs in die oggende beskikbaar. (2)

5.7 Noem TWEE voordele vir ŉ kind om by hierdie speelgroepie in te skryf soos in die advertensie bemark word. (2)

5.8 Wie is die eienaar van hierdie speelgroepie? (1)

5.9 Noem EEN van die eienaar se kwalifikasies? (1)

5.10 Op watter TWEE maniere kan belangstellendes met hierdie speelgroepie kontak kan maak? (2)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

## VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.27) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **BEJAARDES KRY WEER NUWE UITKYK OP DIE LEWE**<br><br>"Goeie nuus, julle almal se katarakte is nou in die asblik! (6.1)"<br>Dít was die woorde van (6.2 dokter) Marcel C Niemandt, ŉ oogchirurg van Pretoria, aan ŉ groepie bejaardes terwyl hulle geduldig met (6.3 oogklappies/oogklapies) in ŉ kamer by die Intercare-dagkliniek in Hazeldean sit en wag.<br>Daar was trane van (6.4 blydskap) en dankbaarheid toe Niemandt hul oogklappies afhaal en hulle weer vir die eerste keer in jare kon sien, al was dit nog deur (6.5 jeuk) oë van die vorige dag se katarakchirurgie.<br>Navorsing toon dat minstens (6.6 80%) van alle blindheid of verswakte visie voorkombaar is en die mees algemene oorsake daarvan is katarakte. ŉ Katarak is ŉ (6.7 op+een+hoop) van proteïen op die ooglens wat visie (6.8 beinvloed) en word dikwels vereenselwig met persone wat al ŉ (6.9 rype ouderdom) bereik het.<br>(6.10 Niemandt) verduidelik dit kos egter tussen R25 000 en R30 000 om ŉ katarak te laat verwyder en dat daar (6.11 verskeie) mense is wat dit nie kan bekostig nie en jare lank op waglyste moet wag vir ŉ (6.12 soortgelyke) operasie in (6.13 staat+hospitale).<br>Hy het in 2013 onderneem om elke jaar van 23 (6.14 September) tot 18 Oktober, ŉ week opsy te sit om ŉ aantal behoeftige mense se (6.15 las) ligter maak deur gratis katarakchirurgie uit (6.16 …) voer. (6.17 "In 2013 kon ons 10 mense help," sê dr. Niemandt.) | 6.1 Wat is die funksie van die uitroepteken aan die einde van hierdie sin? (1)<br>6.2 Gee die afkorting. (1)<br>6.3 Kies die korrekte spelling. (1)<br>6.4 Gee ŉ antoniem. (1)<br>6.5 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)<br>6.6 Skryf in woorde. (2)<br>6.7 Gee die samestelling. (1)<br>6.8 Gee die korrekte spelling. (1)<br>6.9 Het die frase ŉ letterlike of figuurlike betekenis? (1)<br>6.10 Vervang die eienaam met die korrekte persoonlike voornaamwoord. (1)<br>6.11 Gee ŉ sinoniem. (1)<br>6.12 Gee ŉ antoniem. (1)<br>6.13 Gee die samestelling (1)<br>6.14 Gee die korrekte afkorting. (1)<br>6.15 Gee die meervoudsvorm. (1)<br>6.16 Voeg die korrekte voorsetsel in. (1)<br>6.17 Skryf in die indirekte rede. (1) |

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| Hulle kon vandeesweek uiteindelik die langverwagte (6.18 proses/prosedure) gratis ondergaan by Intercare Day Centre Hazeldean. Talle (6.19 verpleegsters) het ook gehelp.<br>*(6.20 Operation Healing Hands)*, ŉ span dokters in die private sektor wat pasiënte help wat nie onder normale omstandighede mediese dienste kan bekostig nie, het vanjaar met hierdie (6.21 groot) poging ingegryp.<br>Dr. Helene Basson, ŉ (6.22 chirurg), (6.23 staan aan die stuur) van hierdie liefdadigheidsorganisasie.<br>(6.24 Ons sal die poging beslis weer volgende jaar ondersteun). Een van die (6.25 …) wat vanjaar by die inisiatief gebaat het, is Piet Plaatjies (76) van Witbank in Mpumalanga.<br>Hy is (6.26 opreg) dankbaar vir die operasie. (6.27 Meneer) Plaatjies kan nie ophou praat hieroor nie. | 6.18 Kies die korrekte woord.<br>6.19 Gee die manlike vorm.<br>6.20 Hoekom is hierdie woorde kursief (skuins) gedruk?<br>6.21 Gee die oortreffende vorm.<br>6.22 Gee die meervoud.<br>6.23 Wat beteken hierdie uitdrukking?<br>6.24 Skryf die sin in die ontkennende vorm neer.<br>6.25 Gee een woord vir mense wat al oud is.<br>6.26 Gee die antoniem.<br>6.27 Gee die korrekte afkorting. | (2)<br>(1)<br>(1)<br>(2)<br>(1)<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1)<br>(1)<br>**[32]** |

[Aangepas uit: http://mediaverklarings.maroelamedia.co.za/169341-bejaardes-kry-weer-n-nuwe-uitkyk-op-die-lewe]

**VRAAG 7: TAALVERSORGING VAN ’N PROMOSIE-ADVERTENSIE**

**SKOOL PRETSTAP**

Willem Postma (7.1 Primere) Skool het verlede jaar vir die (7.2 2de) keer ŉ pretstap as (7.3 fonds+insamel+projek) aangepak en dit was ŉ reusesukses. Ongeveer 1 500 stappers van alle (7.4 ouderdom) het gedeel in die dag vol pret en plesier en elkeen wat gestap het, het ŉ pragtige medalje ontvang. (7.5 Hierdie jaar) maak hulle weer so op Vrydag 26 Februarie 2016. Die (7.6 5 km) pretstap vind plaas bo-op Naval Hill. Wat die geleentheid ekstra spesiaal maak, is dat dit deel uitmaak van die skool se verjaardagvieringe. Is Willem Postma dus vanjaar 71 jaar oud (7.7 …).

[Verwerk uit: *www.bloemfonteincourant.co.za/willem-postma-primere-skool-hou-weer-pretstap/]*

7.1 Korrigeer die woord deur die korrekte skryfteken te gebruik. (1)

7.2 Skryf die getal in woorde. (1)

7.3 Maak van hierdie drie woorde ŉ samestelling. (1)

7.4 Gee die meervoud. (1)

7.5 Gee een woord vir 'hierdie jaar'. (1)

7.6 Skryf die getal en afkorting uit. (2)

7.7 Voeg die korrekte leesteken aan die einde van die sin in. (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 8: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent aandagtig en beantwoord die vrae.




[Bron: *Die Burger*, 23 Mei 2015]

8.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

8.1.1 Die kommunikasie wat plaasvind tussen die vrou en die ander persoon op die telefoon is …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.2 As die baba met die kat sou praat, is dit ŉ voorbeeld van …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.3 Die doel van die strokiesprent is om die leser te …

A oortuig.
B vermaak.
C skok.
D onderrig.

8.1.4 Die vrou is in gesprek met …

A haar man.
B haar ma.
C die dominee.
D haarself.

8.1.5 Die strepe en lyne by die baba se handjies en arms dui op …

A rook.
B babapoeier.
C spoeg.
D beweging.

(5 × 1) (5)

8.2 Dink jy hierdie vrou is ŉ goeie ma vir haar baba? Staaf jou antwoord. (2)

8.3 Is die baba se nieverbale kommunikasie (gesigsuitdrukking) gelukkig en ontspanne? (1)

8.4 Wat is die kanaal (medium) waardeur die vrou haar boodskap stuur? (1)

8.5 Waarna verwys die vreemde letters by die baba se kop? (2)

8.6 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Indien die vrou die tydskrifte en boeke sou lees, sou dit ŉ voorbeeld van (ekstrapersoonlike/massa-) kommunikasie wees. (1)

8.7 Hoekom is daar ŉ uitroepteken in die praatwolkie van die vrou? (1)

8.8 Noem die TWEE take wat die vrou in die prent nog moet uitvoer. (2)

8.9 In watter publikasie en op watter datum is hierdie spotprent gepubliseer? (2)

8.10 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die koerant waaruit die strokiesprent geknip is, is ŉ voorbeeld van (massa-/intrapersoonlike) kommunikasie. (1)

**[18]**

**VRAAG 9: KOMMUNIKASIEPROSES**

9.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Jy gaan kuier vir die eerste keer by jou meisie se ouers. Jou meisie se pa praat eerste en vra ŉ klomp vrae. Hy vra onder andere vir jou hoe oud jy is. Jy is baie benoud dat die man nie van jou gaan hou nie, maar jy antwoord al sy vrae korrek en hoflik. Die volgende oomblik begin hul buurman met sy grassnyer gras sny en jy kan nie haar pa hoor nie. Haar pa beduie met sy vinger by sy oor dat hy nie kan hoor nie. Julle begin saam lag.

9.1.1 Wie is die sender in hierdie kommunikasieproses? (1)

9.1.2 Wie is die ontvanger in hierdie kommunikasieproses? (1)

9.1.3 Gee EEN voorbeeld van lyftaal wat deur een van die sprekers gebruik is. (1)

9.1.4 Wat was die terugvoer in hierdie gesprek? (1)

9.1.5 Watter hindernis het die kommunikasieproses gestaak? (1)

9.2 Kies ŉ term uit KOLOM B om by ŉ beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.2.1 | Die student groet die dosent met die uitdrukking 'awê'. | A | massakommunikasie |
| 9.2.2 | Jy probeer in die klaskamer leer, maar die studente sit en luister na musiek. | B | intrapersoonlike kommunikasie |
| 9.2.3 | Drie pastore gesels oor hul gemeentes by ŉ kerkkongres. | C | terugvoer |
| 9.2.4 | Jy vra jou vriendin hoe haar naweek was en sy vertel dat sy ŉ troue bygewoon het. | D | horisontale kommunikasie |
| 9.2.5 | Die radio is ŉ voorbeeld van … | E | fisieke hindernis |
| 9.2.6 | Jy kyk na jouself in die spieël en dink dat jy vandag baie mooi lyk. | F | sielkundige hindernis |
| 9.2.7 | Die seun wat hakkel is te skaam om die vraag in die klas te beantwoord. | G | semantiese hindernis |

(7 × 1) (7)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 140**

Kopiereg voorbehou